

Donderdag 3 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 3:1-9

Fokusgedeelte: Psalm 3:4

Die heerlike “maar” van die geloof!

Van Psalm 3 af word verskillende geloofservarings beskryf van hoe gelowiges al kiesende God omhels. Hier is ’n geknakte mens wat deur die “maar” van die geloof steeds kan blom!

Vers 1 verduidelik: “’n Psalm van Dawid toe hy vir sy seun Absalom gevlug het.” 2 Samuel 15 beskryf dat Absalom sy pa van die troon wou stoot en self koning wou word. Dit vertel van ’n gebroke pa; ’n onttroonde koning; ’n uitstekende militêre leier wie se mag omvergewerp is. Psalm 3 is ’n geloofsworsteling van ’n pa wat deur sy lieflingseun teleurgestel en in die rug gestek is. Seker die donkerste tyd van sy lewe! Is jý dalk ook deur die lewe geknak? Die woordjie “Sela” is moontlik ’n uitroepteken. “Baie sê van my: Daar is geen heil vir hom by God nie. Sela” (Ps. 3:3).

Absalom se naam beteken: *Ab (vader)* en *salom (vrede)*. Hierdie *vader van vrede* is in oorlog met sy eie pa! Jesaja 9:5 beskryf met ’n klompie name die komende Messias. Die laaste naam is “Prins van Vrede”. Maar dink maar net ’n bietjie in watter moeilike omstandighede is Hý gebore! Sy ouers moes honderde kilometer van Nasaret na Betlehem aflê. In ’n stal, tussen diere in ’n krip lê sy haar Eersgeborene in doeke neer. Seun van God word mens!

Die gelowige Dawid beweeg in sý moeilike omstandighede in Psalm 3 na die tweede “sela” toe. Hy roep skreeuend ’n geloofsbelydenis uit: “Maar U, HERE ...!” Dawid verskuif die fokus van sy probleem na die Probleemoplosser toe. In sy geknakte toestand wéét hy: Die HERE is sy beskermmer (skild) rondom hom en sal sy kop hoog hou. Die gelowige swaarkry-mens weet dat God te midde van spanning vrede sal gee (vs 6), en vreesloosheid in tye van teenstand (vs 7).

God doen dit deur die Prins van Vrede. Jesus roep in Getsemane uit: “Vader, neem hierdie drinkbeker van My weg, maar laat u wil geskied!” Aan die kruis roep Hy: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” En sterwend roep Hy: “Aan U gee ek my Gees oor!” Ná sy opstanding sê Hy: “Vrede vir julle!”

Só gee God aan die geknakte gelowige sý vrede. Deur die “Maar U, HERE” kan die geknakte weer blom en aan die slaap raak, want “die HERE ondersteun” hom!

Sing: Psalm 68-1:2, 5, 9

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)